N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Virtuele erediens op 2 Augustus 2020

N.G. Oudtshoorn-Welgeluk

Prediker: Ds. Andries Potgieter

Teks: Gen 32: 22-31

Tema: Jakob se nuwe toekoms

22. Die nag het hy opgestaan en sy twee vrouens en sy twee persoonlike slavinne en sy elf kinders gevat en deur Jabbokdrif gegaan.
23. Nadat hy hulle deur die rivier gevat het, het hy ook alles wat hy besit, laat deurgaan.
24. Jakob het alleen daar agtergebly, en 'n man het tot dagbreek met hom gestoei.
25. Toe die man agterkom dat hy nie vir Jakob kan wen nie, het die man, terwyl hy met hom stoei, vir Jakob teen die heup geslaan sodat dit uit die potjie gespring het.
26. Die man het vir Jakob gesê: "Los my, want die dag breek." Jakob het geantwoord: "Ek sal jou net los as jy my seën."
27. Toe vra die man: "Wat is jou naam?" en hy antwoord: "Jakob."
28. Die man het gesê: "Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel, want jy het teen God en teen mense 'n stryd gevoer en jy het dit end-uit volgehou."
29. Toe sê Jakob: "Sê my tog jou naam," en die man vra: "Waarom vra jy my naam?"Hy het vir Jakob net daar geseën, 30 en Jakob het die plek Pniël genoem, "want," het hy gesê, "ek het God van aangesig tot aangesig gesien en tog het ek nie omgekom nie." 31 Net toe Jakob by Pniël verbygaan, het die son opgekom. Jakob het mank gebly aan sy heup,

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

- **Gemeentelike kommunikasie en eredienste**

As gevolg van die vinnige toename van Covit 19 gevalle in ons gemeente en streek het die kerkraad op Woensdag 29 Julie 2020 besluit om eers te wag met eredienste in ons kerkgebou. Ons gaan dus eers net voort met digitale eredienste op die verskillende platforms.

Die virtuele erediens van 2 Augustus 2020 se onderskeie skakels is soos volg:-

Youtube

https://youtu.be/HmZNM1HNn4s

Facebook live

https://www.facebook.com/NGGemeenteOudtshoornWelgeluk/videos/699962347219577/

en net vir die klankbaan op "Soundcloud"

https://soundcloud.com/user-614749129/klankbaan-erediens-2-augustus-2020-ng-oudtshoorn-welgeluk

Baie geluk aan ons 70 - plussers wat die week verjaar:

Marie Kellerman	2 Augustus
Johann Blom	4 Augustus
Johan Scheün	5 Augustus
Tobie van Greunen	6 Augustus
Trienie Goets	7 Augustus

Voorbidding

- **Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:**

  - Joey Strydom van Buitekantstraat 57;
  - Johanna Kriel van Rademeyerstraat 43A;
  - Setta Wepener van Jan van Riebeeckweg 26;
  - Ina Meiring van Van Zylstraat 1;
  - Andeline Olivier van Melvillestraat 1;
  - Susan Hancke van Greeffstraat 119;
  - Jacoline Saayman van Langenhovenweg 135;en
  - Deon Bouwer van Wallisstraat 20;
  - Hanlé en Daan Cronjé van Raubenheimerrylaan 4

- **Ons bid ook vir die volgende sake:-**
  - Uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg deur die voortslepende droogte geraak word asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;
  - Dankbaarheid vir die reën wat die afgelope tyd in ons streek geval het;
  - Die maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar;
  - Die moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië; en
  - in die besonder die korona-virus pandemie.
    - o Sodat die virus nie verder sal versprei nie;
    - o Herstel en genesing vir dié wat reeds geïnfekteer is;
    - o Vrede en troos vir diegene wat geliefdes verloor het;
    - o Vir al die gesondheidspersoneel; en
    - o Wysheid vir die regerings wat die uitbreek van die virus moet bestuur.

Ds. Andries Potgieter en sy gesin vier Sondag 15 jaar by N.G. Gemeente Oudtshoorn-Welgeluk

Beste gemeente

Vyftien jaar gelede het twee jong mense en n sewe maande oue seuntjie in Welgeluk aangekom. So het ons reis saam met julle begin en op hierdie reis het ons saam met julle geleer gegroei en geleef.

‘n Voorreg wat ons koester in ons harte. Ons sien uit na nog baie jare saam met die Welgelukkers. Die Here seën julle.

Liefde; Andries, Dyna en Louis.

Beste Andries, Dyna en Louis.

Namens die Kerkraad en die hele gemeente ons opregte dank vir 15 jaar se volgehoue en lojale dienslewering deur Andries en bygestaan en onderskraag deur Dyna.

Daar is groot begrip en waardering vir die uitdagings en eise wat die amp stel en die nougesette wyse waarmee take verrig word. Mag jul nog baie jare by ons wees en die seën van die Here word jul gesin toegebid en wysheid/insig en krag vir die noodsaaklike rol wat in die Gemeente vervul word, is deel van ons bede .

<u>Gemeentelike finansies:</u>

Daar word graag van die geleentheid gebruik gemaak om almal te bedank wat te midde v.d. baie moeilike en onseker tye steeds nougeset hul bydraes elektronies oorbetaal of per koevert gee.

U kan elektroniese betalings maak en daar is ook 'n posbus aangebring in die deurloop teen die muur tussen die moederskamer en die nisse van die kerk, agter die palissade (vir veiligheid, maar bereikbaar per hand) waarin u,u dankoffer/offergawe met ’n geruste hart kan ingegooi.

Baie dankie vir julle liefde, vriendelikheid en lojaliteit gedurende hierdie baie moeilike tyd.